

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Lukas 5:15b -16. “.....en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid.”

SAKE vir GEBED:

- * Betty Stroebel wat oefenklasse by die saal aangebied het, is skielik oorlede. Bid vir haar familie en vriende.
- * Bid vir Frans Schmidt wat ernstig siek is in die hospitaal. Bid vir Myra en familie wat hom so getrou bystaan.
- * Peet Viljoen is nog steeds in die hospitaal. Bid vir sy herstel asook vir Annie en sy kinders.
- * Ons dra Lynette Botha aan die Here op op. Sy is baie swak.
- * Juliet Mc Kenzie ondervind erge rugprobleme. Bid vir haar.
- * Bid vir NPO's soos CMR en MTR Smit wat nog wag vir hul subsidies van die Dept. Maatskaplike Ontwikkeling. Dankie vir al die bydraes in die vorm van voedsel aan MTR Smit.
- * Bid vir elkeen wat aan die 7 Weke Reeks deelneem. Bid dat elkeen dit sal geniet en geestelik sal verdiep.
- * Ons hoor daagliks van die bendegegeweld in ons stad, Noordelike gebiede, Greenbushes, Kleinskool en elders. Bid dat die polisie en weermag daadwerklik 'n verskil sal maak en dat die Here vir hulle sal seën en beskerm.
- * Ons dank en prys ons Hemelse Vader vir die mildelike reën wat Hy vir ons gestuur het.
- * Die droogte en lyding van mens en dier in die Noord Kaap neem ernstige afmetings aan. Pleit by ons Heer vir uitkoms, wat net Hy, in Sy genade kan bied.
- * Dra asseblief die veranderinge en verbeteringe aan ons kerkgebou aan die Here op en vra dat Hy die inisiatief sal seën tot uitbreiding en opbou van Sy koninkryk.

Hierdie week se gebedsversoek is vir Christene in Turkye

*** Bid saam met Christene in Turkye dat hulle te midde van vervolging hul hoop en vertroue op God sal vestig.**

SONDAG 28 JULIE 2019

08:30 Eietydse diens in saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in saal

Die doop word bedien aan Luca Strydom, seuntjie van Cornel en Janneke.

Deurdankoffer vir Biblia hawesending

Teebeurt vandag: Pronkertjie sel

Teebeurt 4 Aug: Kappertjie sel

MAANDAG 29 JULIE

12:45 Gebedskild in gebedskamer.

17:30 Musiekbediening diensterrein by MG se pastorie.

19:00 Gemeentebediening diensterrein in gebedskamer.

DINSDAG 30 JULIE

17:30 Eiendomme diensterrein vergadering in gebedskamer.

19:00 Leef@kerk.

WOENSDAG 31 JULIE

18:00 Selleiersopleiding.

VRYDAG 2 AUGUSTUS MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

LAERSKOOL VERKENNER BASAAR

Op Vrydag 2 Augustus vanaf **16:30** hou ons basaar by Laerskool Verkenner, Salviasingel, Linton Grange. Ondersteun ons asseblief!

MAANDAG 5 AUGUSTUS VIA SAAMKUIER- AAND

Alle vroue word uitgenooi na ons Via byeenkoms om 18:30 in die kerksaal.

Prediker 3: Gebruik tyd om

*God te dien

*God se taak vir jou, te doen

*Die lewe te geniet en vreugde te vind

Kom geniet 'n koppie sop en broodjie en kuier lekker saam.

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

MTR SMIT

Omdat MTR Smit nog geen subsidies ontvang het nie, is hulle gedwing om drastiese stappe te neem. Die personeel het net die helfde van hulle salarisse gekry en uitgawes is tot op die been gesny. Kom ons help hulle met nie bederfbare kos soos pasta, rys,

roommielies, tuna, geblikte tamatie en uie ens. Finansiële bydraes kan by kerkkantoor of elektronies gemaak word. Dui asb net duidelik aan dat dit vir MTR Smit is.

Ons het 'n haardroër en broodrooster aangekoop vir huis 8, die huis waarvoor ons gemeente verantwoordelik is. Daar is 15 dogters in Huis 8. Ons gemeente se kontakpersoon is Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

Baie dankie vir elkeen se bydrae!

ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

NG KERK PATMOS BIED AAN: "Donkie" met Frank Opperman

Jy gaan lag dat jy lê!

Datum: Vrydag 30 Augustus 2019

Tyd: 18:30 vir 19:00

Plek: Goldfields Ouditorium, Noordkampus, NMU.

Kaartjies: Kaartjies kos R120.00 per persoon en is by Westway kafee (www.westway.co.za) of Elizna (083 258 9860) of Leana (083 567 3133) beskikbaar

NOODSPENS

Ons gemeente se noodspens is dolleeg en daar is 'n groot behoefte aan nie-bederfbare produkte.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

7 WEKE REEKS VIR KLEINGROEPE: 22 Julie – 8 Sept

7 Weke is 'n geleentheid vir vriende, families en elkeen individueel om intensioneel rondom een tema voor die Here stil te word. Die tema hierdie jaar is "Met Ritmes vir die Lewe". Almal is welkom. Ons moedig jou aan om 'n paar mense bymekaar te kry en jouself te verbind vir 7 weke. Bid saam met ons. Boekies is beskikbaar teen R20-00 per boekie.

LOFDANSE

Het jy n passie vir dans? Ons wil graag met n Lofdans groep [Worship Dancing] begin. Enige iemand is

welkom, jonk en oud. Jy hoef nie opleiding te hê nie, net 'n passie om die Here deur middel van dans te loof. Indien jy belangstel kontak Felicity Kapp 0825768305.

Ons oefen Dinsdae oggende om 10:30 in die kerksaal.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei.

Kontak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting. Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

There4-Bedieninge reis na Egipte

12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister.

Ons benodig tans : Bedsokkies, "pocket tissues", roobosteessakkies, lapsakkies 17 x 25cm met tou vir toetrek (baie materiaal beskikbaar by There4-kantoor, ons kort net hande) en sagte lekkers vir kinders. Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.

Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..